
# WERK AAN VOORTREKKERMONUMENT SE FRIES BEGIN EERSDAAGS

## Grootste in Wêreld

*(Van Ons Eie Verteenwoordiger)*

***PRETORIA**, 3 Maart.—Mej. Laurika Postma en mnre. Hennie Potgieter, F. J. Kruger en dr. P. Kirchhoff is aangestel om die fries by die Voortrekkermonument te vervaardig en na „Die Vaderland" verstaan, sal hulle op 16 Maart die werk begin.*

Hierdie kunstenaars is gekies vanweë hulle kennis van die dinge wat tydens die Groot Trek belangrike rolle gespeel het. Die fries, 240 voet lank en 7 voet 6 duim hoog, sal die grootste in die wêreld wees, met lewensgroot figure, op die voorgrond. Daar is twee-en-dertig taferele met voorstellings vanaf die vertrek van die Kaap tot by die ondertekening van die Sandrivier-konvensie.



**Bostaande tekening deur die argitek, mnr. Gerard Moerdyk, van die binnekant van die Voortrekkermonument, toon die groot muurfries soos dit daar by voltooiing sal uitsien.**